# LEERDER- EN OUER OOREENKOMS

**Tussen**

**Jakaranda Akademie**

en

**Die ouer(s)/wettige voog(de) van die ingeskrewe leerder**

---

## 1. DOEL VAN DIE OOREENKOMS

Hierdie ooreenkoms bevestig die inskrywing van die leerder by Jakaranda Akademie en stel die regte, verantwoordelikhede en verwagtinge van beide die sentrum en die ouer(s)/wettige voog(de) uiteen.

---

## 2. VERPLIGTINGE VAN DIE SENTRUM

Die sentrum onderneem om:

2.1 'n veilige, ordelike en bevorderlike leeromgewing te handhaaf.

2.2 Kwaliteit onderrig volgens die MOS kurrikulum aan te bied.

2.3 Die leerder met respek, waardigheid en billikheid te behandel.

2.4 Gereelde terugvoer oor die leerder se akademiese vordering te gee.

2.5 Redelike stappe te neem om die leerder se fisiese en emosionele welstand gedurende sentrum-ure te beskerm.

2.6 Dissipline volgens die sentrum se gedragskode (aangeheg) toe te pas.

---

## 3. VERPLIGTINGE VAN DIE OUER(S)/VOOG(DE)

Die ouer(s)/voog(de) onderneem om:

3.1 Die sentrum se visie, missie, waardes, reëls en beleide te respekteer en te ondersteun.

3.2 Sentrumgelde en ander goedgekeurde kostes stiptelik volgens die sentrum se betalingsbeleid te betaal.

3.3 Die sentrum onmiddellik in kennis te stel van enige veranderinge in kontakbesonderhede, mediese inligting of voogdyskap.

3.4 Toe te sien dat die leerder gereeld sentrum bywoon en betyds opdaag en gehaal word.

3.5 Die leerder se akademiese ontwikkeling te ondersteun.

3.6 Professioneel en respekvol met personeel, ander ouers en leerders te kommunikeer.

3.7 Geen personeel of die sentrum se naam op sosiale media te belaster of skade aan die sentrum se reputasie te berokken nie.

---

**4. VERPLIGTINGE VAN DIE LEERDER**

Die leerder onderneem om:

4.1 Die sentrum se gedragskode, dissiplinêre beleid en reëls na te kom.

4.2 Personeel, mede-leerders en sentrum-eiendom met respek te behandel.

4.3 Gereeld klas by te woon en akademies sy/haar beste te doen.

4.4 Die voorgeskrewe sentrumdrag te dra soos vereis, indien van toepassing.

4.5 Geen vorm van afknouery, diskriminasie, geweld, intimidasie of onvanpaste gedrag te beoefen nie.

---

**5. SENTRUMGELDE EN BETALINGS**

5.1 Die ouer(s)/voog(de) aanvaar volle verantwoordelikheid vir die betaling van alle sentrum-gelde.

5.2 Sentrum-gelde is betaalbaar volgens die sentrum se jaarlikse finansiële beleid.

5.3 Agterstallige rekeninge kan lei tot die opskorting van sekere voorregte of verdere stappe soos deur die wet toegelaat.

5.4 Die sentrum behou die reg voor om jaarliks sentrumgelde te hersien.

---

**6. MEDIESE NOODGEVALLE**

6.1 Die ouer(s)/voog(de) gee toestemming dat die sentrum in geval van 'n mediese noodgeval redelike stappe mag neem om die leerder mediese behandeling te laat ontvang.

6.2 Die ouer(s)/voog(de) bly verantwoordelik vir alle mediese kostes wat hieruit mag voortspruit.

## 7. FOTO'S, VIDEO'S EN BEMARKING

Die ouer(s)/voog(de) gee toestemming / gee nie toestemming nie (merk toepaslik) dat foto's of video's van die leerder vir sentrumverwante publikasies, sosiale media, bemarking en nuusbriewe gebruik mag word.

☐ JA

☐ NEE

## 8. DISSIPLINE

8.1 Die sentrum behou die reg voor om dissiplinêre stappe toe te pas in ooreenstemming met die sentrum se gedragskode.

8.2 Ernstige oortredings kan lei tot skorsing of beëindiging van die leerder se inskrywing.

8.3 Die sentrumhoof se besluit, na behoorlike prosedure, sal bindend wees.

## 9. BEËINDIGING VAN INSKRYWING

9.1 Die ouer(s)/voog(de) moet minstens een volle kalendermaand skriftelike kennis gee indien die leerder die sentrum verlaat.

9.2 Alle uitstaande bedrae moet vereffen word voordat dokumente of oordragsertifikate uitgereik word.

9.3 Die sentrum behou die reg voor om inskrywing te beëindig indien die bepalings van hierdie ooreenkoms ernstig of herhaaldelik oortree word.

## 10. ALGEMEEN

10.1 Hierdie ooreenkoms word gelees saam met die sentrum se:

- Gedragskode
- Finansiële beleid
- Toelatingsbeleid
- Dissiplinêre beleid
- Akademiese beleid
- Sosiale media-beleid

JAKARANDA
AKADEMIE
GROEI | GELOOF | GEMEENSKAP